NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 13

9 Mei 2019

Bakens van hoop

Die Agtste Algemene Diakensvergadering en die *Ubi caritas-simposium* het van 30 April tot 4 Mei 2019 by Gemeente Wonderboom plaasgevind.

Skepe en bote in hawens is altyd ’n mooi gesig, dit vertoon prentjiemooi. Dit is ’n veilige plek, weg van gevare. Maar is dit die doel van skepe of bote om mooi te lyk?

Sinoniem met seevaart is ligtorings. Bakens van waarskuwing: Wees versigtig, bly weg.

Minder bekend is die rol van kerktorings. In die vroeë skeepvaarttye kon die kerktoring van ver op die oseaan gesien word wanneer ’n hawe genader word. Vir seevaarders het die kerktoring beteken daar is ’n hawe waar geanker kon word, voorraad aangevul kon word, herstelwerk gedoen kon word. ’n Baken van hoop.

Hierdie metafoor is deurentyd gedurende die simposium en vergadering gebruik. Ons barmhartigheidsopdrag dwing ons uit die hawe. Ons is nie gemaak om mooi te lyk nie. Ons is skepe wat moet uitgaan op die oseaan. Ons moet die mense gaan soek wat nie die waarskuwing van die ligtoring gesien het nie. Digte mis, storms of hewige winde in hul lewens het dalk veroorsaak dat hulle nie die waarskuwingstekens kon lees nie en dat hulle gestrand het op rotse van armoede, verslawing, trauma, verhoudingsgeweld, lewensveranderde siektes, gestremdhede...

Ons as bote wat uitvaar neem hierdie gestrande mense op ons boot, voorsien in hul onmiddellike behoeftes aan warmte en deernis. Ons roei, soms met moeite, teen stormwinde in, saam met hulle terug na ’n hawe waar ’n kerktoring sigbaar word op die horison. Ons neem hulle na ’n hawe soos Rata, ’n DPS-huis, Ons Tuis-OTMT of TOIBO, waar daar veiligheid is, waar hulle geborge kan wees. Van hulle klim af by die hawe en gaan nie na die kerktoring nie, en dit maak ook nie saak nie, want terwyl ons roei, vertel ons van die HOOP by die kerktoring.

Alhoewel die simposium deel was van die vergadering, is die werk van die onderskeie diensvelde daar anders uitgebeeld. Die simposium is oop vir almal en het nie die statiese werksaamhede van verslagdoening nie.

Tydens die 71ste AKV was daar beskrywingspunte waaraan die afgelope drie jaar gewerk is. Hierdie werksaamhede het uitgeloop op beskrywingspunte wat in September 2019 by die 72ste AKV sal dien. Hiervan is die belangrikste dat diakens weer deel word van die AKV en dat die ADV as Kommissie verander na ’n Komitee vir Diakonaat.

Alle voorstelle en versoeke wat tydens die simposium gerig is, is in konkrete besluite verander vir uitvoering deur die nuutverkose Kommissie. Ons wens die nuwe Kommissie geluk met hul verkiesing en bid hulle seën toe op hul werk.

Wat is dan ons gevolgtrekking? Ons is gemaak om uit te gaan, ons moet uitreik na gestrandes, na drenkelinge, na diegene wat ronddobber op die oseaan van die lewe. So saai ons die saad van verlossing. Elkeen ontkiem op sy eie tyd, elkeen dra sy eie vrugte.

En kerktorings moet bakens van hoop wees...

Skakel na ’n kort video oor die simposium: **https://youtu.be/uuVMHhvpP64**

Diak Andries Pretorius

Teken in op blitspos
Stuur ’n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur ’n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

Simoné en Anja van Wyk

- **Dr Wouter van Wyk**, sekretaris van die Kommissie van die AKV, se derde kleinkind, **Anja van Wyk**, is Maandag 6 Mei in Unitas-hospitaal gebore. Sy het 3,23 kg geweeg en is oënskynlik blakend gesond. Dit is **ds Wouter (jr) en Simoné** se derde kind na Wouter Abraham en Lea. Ds Wouter (jr) is deesdae predikant van die NGK Gemeente Tygerpoort in die ooste van Pretoria, en Simoné werk nou (pas) vir FNB. Baie geluk!

Klein Palesa sê dankie

- In die vorige uitgawe van *Blitspos* het **dr Hein Delport** vertel van die dogtertjie wat op Opstandingsondag byna verdrink het. Die mediese praktyk het die berig gelees en foto's van klein **Palesa** en haar dankiesêbriefie aan dr Delport gestuur. Aanvanklik is vermoed dat Palesa breinskade sou hê, maar sy is ongedeerd!

Die Kuyper-gesin

- **Ds Arie Kuyper** van Villieria het aan die einde van Maart geëmeriteer. Sy afskeidsdiens was op Sondag 14 April. Dr Sanrie de Beer het namens die Kommissie van die AKV 'n groeteboodskap gebring. Ds Kuyper is in November 1977 gelegitimeer, was Dienspligkapelaan in Bloemfontein, en het gedien in gemeentes Koster, Pretoria-Noord en Villieria, laasgenoemde sedert 1989. Op die foto is ds Kuyper en sy vrou, Magda, en hul seun Arnaud.

Prof Jimmie Loader

- Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel jaarliks prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die **bekroning** van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar **in 'n geakkrediteerde tydskrif** verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses. Artikels wat in 2017 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, is beoordeel. Een van die pryse in die kategorie van geesteswetenskappe is toegeken aan **prof Jimmie Loader** van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Wenen, Oostenryk vir sy artikel "Die gestaltes van Philipp Melanchthon se Spreukekommentaar" wat verskyn het in die ***HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 2017**. Prof Andries van Aarde sê die volgende oor hierdie toekenning: *Vanuit die belang van HTS is ek verheug dat HTS weereens die middel vir hierdie toekenning kon wees (inderdaad die sewende keer), en vanuit die perspektief van die NHK is ek trots dat een van ons teoloë die toekenning gekry het vir hoogstaande akademie en teologie in Afrikaans.*

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 9 Mei:	Ds L (Leon) Geel sr (Grimbeekpark)
o	Vrydag 10 Mei:	Di FH (Frans) Ras (Windhoek), SJ (Fanie) Swanepoel (emeritus) en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus)
o	Saterdag 11 Mei:	Dr JC (Christo) van der Merwe (emeritus) en ds G (Guilliaume) Rocher (Balfour/Nigel)
o	Sondag 12 Mei:	Ds JH (Buks) van Heerden (emeritus)
o	Maandag 13 Mei:	Prof E (Ernest) van Eck (UP), drr GC (Gerhard) Lindeque (BSA) en JJ (Koos) Prinsloo (emeritus)
o	Dinsdag 14 Mei:	Di WJJ (Willem) Kok (Potchefstroom) en PJ (Pieter) Uys (Brakpan)
o	Donderdag 16 Mei:	Di EM (Liza) Jansen (Witbank-Suid) en AC (André) Swanepoel (Derde Kruis)

Gemeentes en bediening

- **Mev Sarie Roux** van die **Boekwinkel by Derdepoort** sal **van 17 tot 28 Mei met verlof** wees en die Boekwinkel sal dan nie toeganklik wees vir besoekers nie. Bestellings wat vooraf geplaas is, sal wel afgehaal kan word. Plaas sodanige bestellings by mev Roux, by 012 322 8885 x3025 / **sentik@nhk.co.za**.

Prof Bieks Beukes en ds Peet Swanepoel

- **Ds Peet Swanepoel** (emeritus) is beroep na **Nkana, Zambië**. Op die foto is hy saam met prof Bieks Beukes op pad na Solwezi, 250 km vanaf Nkana se pastorie.

- **Gemeente Nelspruit** (stigtingsdatum 13 Mei 1944) vier hul **75ste verjaardag** op **Sondag 12 Mei** met ’n erediens **om 08:30** en ’n gemeente-ete daarna. Kontak ds Eksteen Botes by 013 744 0498 of **ebotes@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Gemeente Roossenekal** se **eeufeesviering** (stigtingsdatum 3 Mei 1919) vind plaas op **Sondag 19 Mei om 09:00** met ’n erediens en Nagmaal. Kontak dr Elritia le Roux by 072 235 6904 vir meer inligting.

- **Gemeente Silverton** (stigtingsdatum 20 Mei 1939) vier hul **80ste verjaardag** op **Sondag 19 Mei om 09:00** met Nagmaal en ’n gemeentebraai (12:00). Alle oudlidmate en predikante is welkom om die verrigtinge by te woon. Navrae kan gerig word aan oudl Hannie Knol by **dinandknol@gmail.com** of 079 603 6555, of ds Henk Labuschagne by **henklabuschagne.nhka@gmail.com** of 082 375 4321.

- **Gemeente Greylingstad** (stigtingsdatum 27 Mei 1944) vier op **Sondag 26 Mei om 11:00** hul **75ste verjaardag** met ’n feesdiens en ete. Vorige predikante en lidmate van die gemeente word vriendelik uitgenooi. Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 of **naude.fanie@gmail.com.**

- **Ds Johann de Bruin** van die SP Engelbrecht-museum (ons Kerkmuseum) wil graag kontak maak met gemeentes of lidmate wat hul eie klein gemeentemuseum, museumuitstalling of net museumkas het, selfs al is dit net besonderse of waardevolle historiese voorwerpe in die kerkgebou en saal. Laat hoor asseblief van julle. Stuur gerus foto’s en vertellings. Ons is ook op soek na ’n outydse doodskleed. Kontak ds De Bruin by **cjdb@telkomsa.net** of 082 733 3951 op WhatsApp.

Vergaderings

- Donderdag 9 Mei: Rata Finkom
- Vrydag 10 Mei: Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 14 Mei: Kuratorium
- Donderdag 16 Mei: ADV Finkom
- Vrydag 17 Mei: Moderamen

’n Gedig

Die moeder

Die vreemde oorsprong van jou lewe het
soos lig deur ’n kristal deur my gevloei
in al die maande toe ek één was met
die stil geheim van jou verborge groei.

En nou kan niks ons skei nie – want is jy nie
afhanklik en gebonde aan my bloed
wat met sy onbegryplike chemié
jou wonderlik gevorm het en gevoed?

En of dié uur ver en vergete word,
en of die jare tussen jou en my
hul seile span, die see sy golwe stort,
of selfs die Dood sy somber baken steek,
nogtans sal jy aan my gebonde bly
met die onsigb’re naelstring wat nie breek.

Elisabeth Eybers
(Uit: *Die stil avontuur*, 1939)

Toerusting

- **Gemeente Sionspoort (Randfontein), in samewerking met die HTK**, bied aan alle predikante en ander ampsdraers en gemeenteleiers wat nie 2018 se VTK- en VTT-kursusse kon bywoon nie 'n **toerustingsgeleentheid op Saterdag 25 Mei (08:00-16:00)** rondom die tema: *Die emosioneel gesonde leier*. Benewens die feit dat dit as alleenstaande kursus van groot waarde is, dien dit ook as voorbereiding vir vanjaar se VTK en VTT. Predikante verdien VBO-krediete. **Die sluitingsdatum vir inskrywings is 17 Mei 2019.** Die koste beloop R350 per kursusganger – dit sluit verversings, middagete en kursusfooi in. Kontak dr Renier Labuschagne by 083 281 8611 of **renierla@vodamail.co.za**.

- **Konferensie: Sinode van Dordrecht 1618-1619**
  Woensdag 29 Mei 08:30-16:00
  NGK Berg-en-Dal, Bloemfontein
  Verskeie teoloë belig die vertolking van Dordt deur vier eeue
  Vra na die aktualiteit daarvan in 'n nuwe konteks
  R100 per persoon (materiaal, verversings en middagete ingesluit)
  Registreer by **admin@bergendalkerk.co.za voor Woensdag 22 Mei**
  Navrae: 051 436 2750 / 082 784 9362

- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
  Premierkursus oor brugbediening
  Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
  Week 2: 4-7 November
  Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
  Koste R2 200 (BTW ingesluit)
  Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
  Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Barmhartigheid

- Tydens die Agtste Algemene Diakensvergadering is die volgende **Kommissie van die ADV** verkies: **Voorsitter** diak Mac van Zyl; **skriba** diak Elmien Botha; **visevoorsitter** diak Andries Pretorius; **viseskriba** diak Dirk Stoltz; **Kommissielede** diak Gommie Prinsloo, ds Quinten Schimper, diak Ben van Buuren, dr Martin Jansen van Rensburg, diak Hans van der Merwe en diak Petrus Nel. Die **sekunduslede** is diak Jaco Viljoen, ds Frikkie van Wyk, diak Pieter Schreiber, ds Lisa-Mari Prinsloo, ds Stephen de Beer, ds Errol Sheppard, diak Jacques Roos, ds Jasper van der Westhuizen, diak Wilna Gates en diak Fanus van der Merwe.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-woonregeenheid** in Huis Frans Boshoff teen R347 080 en **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R5 520 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging

Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

Fondsinsamelings

- **Gemeente Swartkop: Gholfdag 2019**
  Woensdag 15 Mei by Zwartkop Gholfklub
  R2 500 per 4-bal
  (sluit in middagete by Halfway House, lamskerrie vir aandete, baanfooie)
  R2 500 om ’n putjie te borg
  10:00 registrasie, 12:00 *shotgun start*, 18:00 prysuitdeling
  Besprekings, betalings en navrae by gemeentekantoor
  012 654 3471 / **nhswartkop@telkomsa.net**

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
  Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
  Borg ’n putjie teen R2 500
  R4 200 vir ’n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  R5 000 vir ’n 4-bal plus putjieborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
  Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
  www.driveforachild.co.za

Allegaartjie

Volgens ’n berig op Maroela Media (29 April 2019) is ’n 59-jarige man van Gretna, Nebraska in die VSA, onlangs met ’n ambulans na ’n hospitaal gehaas. Sy hart het teen 200 slae per minuut geklop en daar is nie verwag dat hy die 20 minute lange rit na die hospitaal sou

oorleef nie. Maar toe tref die ambulans ’n slaggat – en die pasiënt se hartritme was skielik normaal! Hy het die hospitaal betyds gehaal en het oorleef. Klaarblyklik het die rukking van die slaggat dieselfde uitwerking gehad as wat ’n elektriese skok sou hê.

Basaars en markte

- **Gemeente Lichtenburg: *Local is lekker* Oesfees**
  Saterdag 25 Mei
  Gratis toegang
  Gaskunstenaar Juanita du Plessis
  Kinders: Tombola, skyfskiet, reuseglybaan en klimmuur
  Veiling met pragstukke: Skilderye, Marico-mampoer, binnebraaier
  Foto’s met oorspronklike handtekeninge van Bloubul-legendes
  Tambotiehout-koffietafel spesiaal vir die Oesfees gemaak
  Spesiale *Local is Lekker Oesfees* versamelaarswyn
  Tradisionele stalletjies met pap-en-kaiings, spesialeresep-lewerkoekies
  Plaasstalletjie met handwerk, ensovoorts
  Kwaliteit bees-, skaap- en varkvleis teen billike pryse
  Meer as 100 groot koeke en meer as 1 000 pakkies klein koekies
  Kompetisie: 1ste prys R20 000; 2de prys ’n week in Margate vir 5 persone
  Nog groot pryse
  Kaartjies beskikbaar @ R20
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Navrae aan Dave Oosthuizen 083 311 2962
  Willie Manders 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal 082 576 1141 / 018 632 2658 / **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Gemeente Drie Riviere: Basaar**
  Saterdag 25 Mei vanaf 09:00
  By die kerkperseel, hv Bashee- en Wilgestraat, Drie Riviere
  Vars vleis en smullekker verversings te kies en te keur
  Heelwat vermaak vir kinders
  Toegang is gratis
  Navrae aan ds Hennie Louw by 084 508 7849

- **Gemeente Newcastle:Winskopiebasaar**
  Vrydag 31 Mei 13:00 tot laat
  By kerksaal, hv Eaton- en Amielweg, Amielpark
  Kerrie-en-rys, pap-en-sosaties, pannekoek, nagereg en baie meer
  Navrae: Piet Bothma 082 444 7257 / Daleen Honeyball 084 578 1556

- **Gemeente Groot Marico: Safarikarnaval**
  Saterdag 1 Junie
  R100 per kaartjie
  Wen groot pryse
  1ste prys: Linhai Rustler 300
  2de prys: Naweek vir 4 by Groot Marico Lodge
  Kontak Martie Erasmus 082 774 5707
  Ds Stephan Botha 083 743 0507

- **Gemeente Delmas: Voetspoorfees**
  Saterdag 1 Junie 09:00-14:00
  Kom geniet vleisspore, pretspore, smulspore en vermaakspore
  Met “Die Ventertjies” (gratis vertonings)
  Navrae: Heleen Bekker 013 665 2679 / **delmas@nhk.co.za**

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Vader, ons plaas ons kind wat vandag die huis verlaat, in u hande.
Dankie vir die jare van gedeelde ervarings:
van saamlag en saamhuil, van familiegrappe en ernstige argumente,
van ’n-hond-uit-’n-bos gesels.
Dankie vir die ontelbare tekens van u genade deur die jare.
Ons bring ons ouerlike mislukkings en teleurstellings
met sy opvoeding na U toe. Herstel en genees dit tog, Here!
Leer ons nou die nederigheid om terug te tree,
sodat hy sy eie besluite kan neem.
Gee ons die wysheid, takt en liefde
om hom te ondersteun sonder om opdringerig te wees.
Om beskikbaar te wees, maar nie in die pad nie.
Neem hom onder u sorg, Here, want u liefde vir hom
is nóg groter as ons s’n.

Mary Batchelor
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk